THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE S.A. 10c OVERSEAS 15c

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

VOL. 221 PRETORIA 26 OCTOBER, 26 OKTOBER 1977 3917

No. 226 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Roads Amendment Ordinance, 1977 which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 18th day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
P.R. 4-11 (1977/16)

Ordinance No. 21 of 1977.
(Assented to on 4 October, 1977).
(Afrikaans copy signed by the State President.

AN ORDINANCE

To amend the Roads Ordinance, 1957, by the substitution of the provisions relating to outspans contained in Chapter VII; in respect of the provisions relating to compensation referred to in section 92; in respect of the power of the Administrator to demolish or remove any building or other structure for road purposes by the insertion of a new section 93; by the substitution of the long title thereto; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Amendment of "DIVISION OF ORDINANCE" which appears after the long title of Ordinance 22 of 1957, as substituted by section 1 of Ordinance 9 of 1975 and amended by section 1 of Ordinance 20 of 1976.

1. The contents of the Roads Ordinance, 1957 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), under the heading "DIVISION OF ORDINANCE" which appears after the long title, is hereby amended —

(a) by the substitution for all the words and expressions which appear under the heading "CHAPTER VII", of the following words and expressions:

"OUTSPANS.

53. Release from servitude of outspan.

54. Circumstances in which portion of land demarcated as an outspan under previous law, deemed to be an outspan declared as such under this Chapter.

55. Power of the Administrator or a local

No. 226 (Administrateurs-), 1977.

PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Padwysigingsordonnansie, 1977 wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 18de dag van Oktober, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.R. 4-11(1977/16)

Ordonnansie No. 21 van 1977.
(Toestemming verleen op 4 Oktober 1977).
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Padordonnansie 1957, om die bepalings betreffende uitspanplekke in Hoofstuk VII vervat, te vervang; ten opsigte van die bepalings betreffende vergoeding soos in artikel 92 genoem; ten opsigte van die bevoegdheid van die Administrateur om enige gebou of ander struktuur vir paddoeleindes te sloop of te verwyder deur 'n nuwe artikel 93 in te voeg; om die lang titel daarvan te vervang; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband daarmee.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Wysiging van "INDELING VAN ORDONNANSIE" wat na die lang titel van Ordonnansie 22 van 1957 verskyn, soos vervang deur artikel 1 van Ordonnansie 9 van 1975 en gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 20 van 1976.

1. Die inhoud van die Padordonnansie 1957 (hierna die Hoofordonnansie genoem), onder die opskrif "INDELING VAN ORDONNANSIE" wat na die lang titel verskyn, word hierby gewysig —

(a) deur alle woorde en uitdrukkings wat onder die opskrif "HOOFSTUK VII" verskyn, deur die volgende woorde en uitdrukkings te vervang:

"UITSPANNINGS.

53. Opheffing van uitspanserwituut.

54. Omstandighede waaronder gedeelte grond, onder vorige wet as uitspanplek afgebaken, geag 'n uitspanning te wees wat ingevolge hierdie Hoofstuk as sodanig verklaar is.

55. Bevoegdheid van die Administrateur of 'n plaaslike bestuur om 'n uitspanning

authority to establish, alter the situation of or permanently close an outspan.

56. Control over and purpose of an outspan.

57. Power of the Administrator or a local authority in respect of improvements for the purpose of an outspan.

58. Prohibition of certain acts on an outspan.

59. No action to lie in respect of damage suffered in the use of an outspan.";

(b) by the insertion after the expression "85. Regulations." of the following expression:

"85A. Power of local authority to make by-laws in regard to an outspan.";

(c) by the substitution for the expression "89. Existing roads, fences, etc." of the following expression:

"89. Existing roads and fences.";

(d) by the substitution for the expression "92. Compensation for land encroached upon by the establishment, widening or deviation of a public road or an access road." of the following expression:

"92. Compensation to be paid by Administrator for land encroached upon by the establishment, widening or deviation of a public road or access road, or by the Administrator or a local authority for land encroached upon by the establishment of, or alteration of the size or the situation of an outspan."; and

(e) by the substitution for the expression "93. (Repealed)." of the following expression:

"93. Power of Administrator to demolish or remove any building or other structure for road purposes.".

Amendment of section 17 of Ordinance 22 of 1957, as substituted by section 2 of Ordinance 9 of 1975, having previously been amended by section 2 of Ordinance 18 of 1962 and section 4 of Ordinance 20 of 1971.

2. Section 17 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

"(b) subject to the provisions of this Ordinance, assist and advise the Administrator in respect of all matters relating to public roads, outspans and other roads;".

Amendment of section 20 of Ordinance 22 of 1957, as substituted by section 7 of Ordinance 20 of 1976 and as previously

3. Section 20(c) of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the words "rest-camps, outspans".

in te stel, die ligging daarvan te verander of permanent te sluit.

56. Beheer oor en doel van 'n uitspanning.

57. Bevoegdheid van die Administrateur of 'n plaaslike bestuur ten opsigte van verbeterings vir die doel van 'n uitspanning.

58. Verbod op sekere handelinge op 'n uitspanning.

59. Geding word nie ingestel ten opsigte van skade gely by gebruik van 'n uitspanning nie.";

(b) deur die invoeging na die uitdrukking "85. Regulasies." van die volgende uitdrukking:

"85A. Bevoegdheid van plaaslike bestuur om verordeninge ten opsigte van 'n uitspanning te maak.";

(c) deur die uitdrukking "89. Bestaande paaie, omheinings, ens." deur die volgende uitdrukking te vervang:

"89. Bestaande paaie en omheinings.";

(d) deur die uitdrukking "92. Vergoeding vir grond wat deur die instelling, verbreding of verlegging van 'n openbare pad of 'n toegangspad in beslag geneem word." deur die volgende uitdrukking te vervang:

"92. Vergoeding betaalbaar deur Administrateur vir grond wat deur die instelling, verbreding of verlegging van 'n openbare pad of toegangspad of deur die Administrateur of 'n plaaslike bestuur vir grond wat deur die instelling van, of verandering van die grootte of ligging van 'n uitspanning in beslag geneem word."; en

(e) deur die uitdrukking "93. (Herroep)." deur die volgende uitdrukking te vervang:

"93. Bevoegdheid van Administrateur om enige gebou of ander struktuur vir paddoeleindes te sloop of te verwyder.".

Wysiging van artikel 17 van Ordonnansie 22 van 1957, soos vervang deur artikel 2 van Ordonnansie 9 van 1975, terwyl dit voorheen gewysig was by artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1962 en artikel 4 van Ordonnansie 20 van 1971.

2. Artikel 17 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) moet, onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie, die Administrateur help en adviseer ten opsigte van alle aangeleenthede betreffende openbare paaie, uitspannings en ander paaie;".

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 22 van 1957, soos vervang deur artikel 7 van

3. Artikel 20(c) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde "ruskamp, uitspanplekke," te skrap.

amended by section 6 of Ordinance 25 of 1959, section 4 of Ordinance 6 of 1961, section 6 of Ordinance 10 of 1966, section 5 of Ordinance 20 of 1971, section 3 of Ordinance 14 of 1972 and section 4 of Ordinance 9 of 1975.

Amendment of section 36 of Ordinance 22 of 1957.

4. Section 36(1)(c) of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the words "or outspan".

Amendment of Chapter VII of Ordinance 22 of 1957, as amended by sections 2, 3 and 4 of Ordinance 23 of 1958, sections 9 and 10 of Ordinance 25 of 1959, section 10 of Ordinance 11 of 1960, sections 14 and 15 of Ordinance 10 of 1966, section 6 of Ordinance 18 of 1962, section 11 of Ordinance 20 of 1971, sections 7 and 8 of Ordinance 14 of 1972 and sections 12, 13, 14 and 15 of Ordinance 20 of 1976.

5. The following new Chapter is hereby substituted for Chapter VII of the principal Ordinance:

"CHAPTER VII.

OUTSPANS.

Release from servitude of outspan.

53. Subject to the provisions of section 54, any farm or subdivision of a farm in the Province which, on the date of the coming into operation of the Roads Amendment Ordinance, 1977, is subject to a servitude of outspan, is hereby released from such servitude and any reference to such servitude of outspan in a title deed shall be deemed to have lapsed.

Circumstances in which portion of land demarcated as an outspan under previous law, deemed to be an outspan declared as such under this Chapter.

54. Any portion of land which is not surrounded by erven in an approved township as defined in section 1 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), and which, on the date of the coming into operation of the Roads Amendment Ordinance, 1977, has been defined, beaconed off or otherwise demarcated as an outspan in terms of the provisions of any previous law, shall be deemed to be an outspan declared as such in terms of the provisions of this Chapter.

Power of the Administrator or a local authority to establish, alter the situation of or permanently close an outspan.

55.(1) Subject to the provisions of subsections (6) and (7), the Administrator may, by notice in the *Provincial Gazette* and after investigation and report by the board concerned —

(a) declare that an outspan shall exist on any land;

(b) determine or alter the size of an outspan;

(c) alter the situation of an outspan; or

Ordonnansie 20 van 1976 en soos voorheen gewysig by artikel 6 van Ordonnansie 25 van 1959, artikel 4 van Ordonnansie 6 van 1961, artikel 6 van Ordonnansie 10 van 1966, artikel 5 van Ordonnansie 20 van 1971, artikel 3 van Ordonnansie 14 van 1972 en artikel 4 van Ordonnansie 9 van 1975.

Wysiging van artikel 36 van Ordonnansie 22 van 1957.

4. Artikel 36(1)(c) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde "of uitspanplek" te skrap.

Wysiging van Hoofstuk VII van Ordonnansie 22 van 1957, soos gewysig by artikels 2, 3 en 4 van Ordonnansie 23 van 1958, artikels 9 en 10 van Ordonnansie 25 van 1959, artikel 10 van Ordonnansie 11 van 1960, artikels 14 en 15 van Ordonnansie 10 van 1966, artikel 6 van Ordonnansie 18 van 1962, artikel 11 van Ordonnansie 20 van 1971, artikels 7 en 8 van Ordonnansie 14 van 1972 en artikels 12, 13, 14 en 15 van Ordonnansie 20 van 1976.

5. Hoofstuk VII van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende nuwe Hoofstuk vervang:

"HOOFSTUK VII.

UITSPANNINGS.

Opheffing van uitspanserwituut.

53. Behoudens die bepalings van artikel 54, word enige plaas of onderverdeling van 'n plaas in die Provinsie wat, op die datum van die inwerkingtreding van die bepalings van die Padwysigingsordonnansie, 1977, aan 'n uitspanserwituut onderworpe is, hierby van sodanige serwituut onthef en enige verwysing na sodanige uitspanserwituut in 'n titelakte word geag te verval het.

Omstandighede waaronder gedeelte grond, onder vorige wet as uitspanplek afgebaken, geag 'n uitspanning te wees wat ingevolge hierdie Hoofstuk as sodanig verklaar is.

54. Enige gedeelte grond wat nie deur erwe in 'n goedgekeurde dorp soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) omring is nie en wat op die datum van die inwerkingtreding van die Padwysigingsordonnansie, 1977, ingevolge die bepalings van enige vorige wet omskryf, afgebaken of andersins as 'n uitspanplek afgemerk is, word geag 'n uitspanning te wees wat ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk as sodanig verklaar is.

Bevoegdheid van die Administrateur of 'n plaaslike bestuur om 'n uitspanning in te stel, die ligging daarvan te verander of permanent te sluit.

55.(1) Behoudens die bepalings van subartikels (6) en (7) kan die Administrateur, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en na ondersoek en verslag deur die betrokke raad —

(a) verklaar dat 'n uitspanning op enige grond bestaan;

(b) die grootte van 'n uitspanning bepaal of verander;

(c) die ligging van 'n uitspanning verander; of

(d) permanently close an outspan, and any outspan referred to in paragraph (a), (b) or (c) shall adjoin a public road: Provided that the Administrator may act without such investigation and report by the board, if the board fails to furnish such report within three months after being requested to do so by the Administrator.

(2) The Administrator may revoke or amend any notice referred to in subsection (1).

(3) Subject to the provisions of subsections (4) and (5), a notice referred to in subsection (1) shall contain such information, whether by way of a sketch plan or otherwise, as the Administrator may deem sufficient to indicate the situation of any such outspan or any amendment thereof.

(4) No notice referred to in subsection (1) shall be issued by the Administrator unless he is satisfied that the land taken up by the outspan concerned, is shown on a plan which is available for inspection by any interested person or that such land has been demarcated by the erection of beacons or any other suitable means.

(5) Every such notice shall contain a statement that a plan as contemplated in subsection (4) is available for inspection and, if so, where it will be available or that beacons or any other suitable means as contemplated in the said subsection, have been erected.

(6) Within the area of jurisdiction of a local authority, the foregoing provisions of this section, other than the provisions relating to an investigation and report by a board, shall apply *mutatis mutandis* to the local authority concerned.

(7) For the purposes of this Ordinance, a local authority, in respect of the provisions relating to an outspan, includes the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas referred to in section 2 of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), in respect of a local area committee as defined in section 1 of that Ordinance.

Control over and purpose of an outspan.

56.(1) An outspan shall be under the control and supervision of the Administrator if situated outside the area of jurisdiction of a local authority or, if situated inside such area of jurisdiction, under the control and supervision of the

(d) 'n uitspanning permanent sluit, en enige uitspanning in paragraaf (a), (b) of (c) genoem, moet aan 'n *openbare pad grens*: Met dien verstande dat die Administrateur sonder sodanige ondersoek en verslag deur die raad kan optree indien die raad versuim om sodanige verslag binne drie maande nadat hy daarom deur die Administrateur versoek is, te verstrek.

(2) Die Administrateur kan enige kennisgewing in subartikel (1) genoem, intrek of wysig.

(3) Behoudens die bepalings van subartikels (4) en (5), bevat 'n kennisgewing in subartikel (1) genoem, sodanige inligting, hetsy by wyse van 'n sketsplan of andersins, as wat die Administrateur voldoende ag om die ligging van enige sodanige uitspanning of enige wysiging daarvan aan te dui.

(4) Geen kennisgewing in subartikel (1) genoem, word deur die Administrateur uitgereik nie, tensy hy daarvan oortuig is dat die grond wat deur die betrokke uitspanning in beslag geneem word, aangedui word op 'n plan wat ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is of dat sodanige grond deur die oprigting van bakens of enige ander geskikte middel afgemerk is.

(5) Elke sodanige kennisgewing moet 'n verklaring bevat dat 'n plan soos in subartikel (4) beoog, ter insae beskikbaar is en, indien wel, waar dit aldus beskikbaar sal wees, of dat bakens of enige ander geskikte middel, soos in genoemde subartikel beoog, opgerig is.

(6) Die voorafgaande bepalings van hierdie artikel, uitgesonderd die bepalings met betrekking tot 'n ondersoek en verslag deur 'n raad, is binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur *mutatis mutandis* van toepassing op die betrokke plaaslike bestuur.

(7) Vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie omvat 'n plaaslike bestuur, ten opsigte van die bepalings betreffende uitspannings, ook die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, genoem in artikel 2 van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), ten opsigte van 'n plaaslike gebiedskomitee soos omskryf in artikel 1 van daardie Ordonnansie.

Beheer oor en doel van 'n uitspanning.

56.(1) 'n Uitspanning staan onder die beheer en toesig van die Administrateur, indien geleë buite die regsgebied van 'n plaaslike bestuur, of, indien geleë binne sodanige regsgebied, onder die beheer en toesig van die betrokke

local authority concerned, and shall only be used for the resting and care of livestock which is trekking or being conveyed or driven on a public road.

(2) The Administrator or local authority, as the case may be, may by means of a notice board or any other visible means —

(a) indicate the situation of an outspan; or

(b) temporarily close any outspan for such reason as he or it may deem expedient.

Power of the Administrator or a local authority in respect of improvements for the purpose of an outspan.

57. The Administrator or local authority, as the case may be, may —

(a) lay on water;

(b) plant any tree;

(c) erect any fence, building or other structure; or

(d) effect any other improvement which he or it deems necessary or expedient for the purpose of an outspan and maintain any such improvement.

Prohibition of certain acts on an outspan.

58. (1) No person shall —

(a) without the written permission of the Administrator or local authority concerned, use any outspan for any purpose other than that referred to in section 56(1);

(b) bring any vehicle or any implement on an outspan unless such vehicle is used for the conveyance or trekking or driving of livestock on a public road or unless such vehicle or implement is necessary for the care of such livestock on an outspan;

(c) remain for longer than twenty-four consecutive hours with livestock on an outspan unless he is delayed by circumstances beyond his control;

(d) leave livestock on an outspan unless such livestock is under the direct supervision of a responsible attendant;

(e) wilfully damage or remove any improvement referred to in section 57;

(f) remove any soil, grass or other material from an outspan; or

(g) bring, dump or leave any rubbish, garbage, rubble, article, material, substance or thing on an outspan.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with any of the provisi-

plaaslike bestuur, en word slegs gebruik vir die rus en versorging van lewende hawe wat op 'n openbare pad trek of vervoer of aangejaag word.

(2) Die Administrateur of plaaslike bestuur, na gelang van die geval, kan deur middel van 'n kennisgewingbord of enige ander sigbare middel —

(a) die ligging van 'n uitspanning aandui; of

(b) enige uitspanning tydelik sluit om sodanige rede as wat hy dienstig ag.

Bevoegdheid van die Administrateur of 'n plaaslike bestuur ten opsigte van verbeterings vir die doel van 'n uitspanning.

57. Die Administrateur of plaaslike bestuur, na gelang van die geval, kan—

(a) water aanlê;

(b) enige boom plant;

(c) enige omheining, gebou of ander struktuur oprig; of

(d) enige ander verbetering aanbring, wat hy vir die doel van 'n uitspanning nodig of dienstig ag en enige sodanige verbetering in stand hou.

Verbod op sekere handelinge op 'n uitspanning.

58. (1) Niemand mag —

(a) sonder die skriftelike vergunning van die Administrateur of betrokke plaaslike bestuur enige uitspanning gebruik vir enige doel anders as dié genoem in artikel 56(1) nie;

(b) enige voertuig of enige implement op 'n uitspanning bring nie, tensy sodanige voertuig gebruik word vir die vervoer of trek of aanjaag van lewende hawe op 'n openbare pad of tensy sodanige voertuig of implement nodig is vir die versorging van sodanige lewende hawe op 'n uitspanning;

(c) langer as vier-en-twintig agtereenvolgende ure met lewende hawe op 'n uitspanning vertoef nie, tensy hy deur omstandighede buite sy beheer vertraag word;

(d) lewende hawe op 'n uitspanning laat tensy sodanige lewende hawe onder die regstreekse toesig van 'n verantwoordelike oppasser is nie;

(e) enige verbetering in artikel 57 genoem, opsetlik beskadig of verwyder nie;

(f) enige grond, gras of ander materiaal van 'n uitspanning verwyder nie; of

(g) enige afval, vullis, puin, artikel, materiaal, stof of ding op 'n uitspanning bring, gooi, stort of laat nie.

(2) Iemand wat enige van die bepalings van subartikel (1) oortree of

ons of subsection (1) shall be guilty of an offence.

(3) Whenever any person brings, throws, dumps or leaves on an outspan any rubbish, garbage, rubble, article, material, substance or thing referred to in subsection (1)(g) (hereinafter in this subsection referred to as a prohibited article), the Administrator or local authority concerned may —

(a) cause the prohibited article to be removed or destroyed and recover the costs of such removal or destruction from such person; or

(b) direct such person to remove or destroy the prohibited article and if he fails to comply with that direction, the Administrator or local authority concerned may cause the prohibited article to be removed or destroyed and may recover from the said person the cost of the removal or destruction.

No action to lie in respect of damage suffered in the use of an outspan.

59. No action shall lie against the Administrator or an officer or employee referred to in section 98 or against the local authority concerned or any person in the service of such local authority in respect of any damage suffered by any person in the use of an outspan.".

Amendment of section 85 of Ordinance 22 of 1957, as amended by section 9 of Ordinance 6 of 1961, section 18 of Ordinance 10 of 1966 and section 18 of Ordinance 20 of 1976.

6. Section 85 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in the Afrikaans text of subsection (1)(iii) for the words "of uitspanplekke" of the words "of uitspannings"; and

(b) by the substitution in the Afrikaans text of subsection (1)(iv) for the words "of uitspanplek" of the words "of uitspanning".

Insertion of new section 85A in Ordinance 22 of 1957.

7. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 85:

"Power of local authority to make by-laws in regard to an outspan.

85A. Subject to the provisions of the Local Government Ordinance, 1939, (Ordinance 17 of 1939), and the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), in respect of the procedure to be followed in the making, approving and promulgation of any by-law or regulation for the local authority concerned, by-laws, not inconsistent with the provisions of this Chapter, may be made by or for a local authority in respect of an outspan within its area of jurisdiction and for this purpose the pro-

versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Wanneer iemand enige afval, vullis, puin, artikel, materiaal, stof of ding in subartikel (1)(g) genoem (hierna in hierdie subartikel 'n verbode artikel genoem), op 'n uitspanning bring, gooi, stort of laat, kan die Administrateur of betrokke plaaslike bestuur —

(a) sodanige verbode artikel laat verwyder of vernietig en die koste van sodanige verwydering of vernietiging van sodanige persoon verhaal; of

(b) sodanige persoon aansê om die verbode artikel te verwyder of te vernietig en as hy versuim om aan daardie aansegging gevolg te gee, kan die Administrateur of betrokke plaaslike bestuur die verbode artikel laat verwyder of vernietig en die koste van die verwydering of vernietiging van genoemde persoon verhaal.

Geding word nie ingestel ten opsigte van skade gely by gebruik van 'n uitspanning nie.

59. Geen geding word teen die Administrateur of 'n amptenaar of werknemer in artikel 98 genoem of teen die betrokke plaaslike bestuur of enige persoon in diens van sodanige plaaslike bestuur ingestel nie ten opsigte van enige skade wat iemand by die gebruik van 'n uitspanning opdoen.".

Wysiging van artikel 85 van Ordonnansie 22 van 1957, soos gewysig by artikel 9 van Ordonnansie 6 van 1961, artikel 18 van Ordonnansie 10 van 1966 en artikel 18 van Ordonnansie 20 van 1976.

6. Artikel 85 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (1)(iii) die woorde "of uitspanplekke" deur die woorde "of uitspannings" te vervang; en

(b) deur in subartikel (1)(iv) die woorde "of uitspanplek" deur die woorde "of uitspanning" te vervang.

Invoeging van nuwe artikel 85A in Ordonnansie 22 van 1957.

7. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 85 ingevoeg:

"Bevoegdheid van plaaslike bestuur om verordeninge ten opsigte van 'n uitspanning te maak.

85A. Behoudens die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), en die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), ten opsigte van die prosedure wat gevolg moet word by die maak, goedkeuring en afkondiging van enige verordening of regulasie vir die betrokke plaaslike bestuur, kan verordeninge, wat nie met die bepalings van hierdie Hoofstuk onbestaanbaar is nie, deur of vir 'n plaaslike bestuur gemaak word ten opsigte van 'n uitspanning binne sy regsgebied en vir dié doel is die bepalings van artikel 85, met betrekking tot

visions of section 85 relating to an outspan shall apply *mutatis mutandis*.".

Amendment of section 87 of Ordinance 22 of 1957, as amended by section 19 of Ordinance 10 of 1966.

8. Section 87 of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the words "or outspan" and "and outspans".

Substitution of section 89 of Ordinance 22 of 1957.

9. The following section is hereby substituted for section 89 of the principal Ordinance:

"Existing roads and fences.

89. Notwithstanding anything to the contrary in this Ordinance contained, all roads and fences constructed or erected in accordance with the laws in force before the coming into operation of this Ordinance, shall be deemed to have been lawfully constructed or erected under this Ordinance.".

Substitution of section 92 of Ordinance 22 of 1957, having previously been substituted by section 3 of Ordinance 2 of 1970 and section 8 of Ordinance 9 of 1975 and amended by section 19 of Ordinance 20 of 1976.

10. The following section is hereby substituted for section 92 of the principal Ordinance:

Compensation to be paid by Administrator for land encroached upon by the establishment, widening or deviation of a public road or access road, or by the Administrator or a local authority for land encroached upon by the establishment of, or alteration of the size or the situation of an outspan.".

92.(1) Subject to the provisions of subsection (5), where the Administrator in terms of the provisions of section 3, 5, 48, 55 or any other provision of this Ordinance, by notice in the *Provincial Gazette*, establishes, widens or permanently deviates a public road or an access road or establishes an outspan, or alters the size or the situation thereof, he shall, subject to the provisions of subsections (2), (3) and (4), pay to the owner, in respect of the land encroached upon by any such establishment, widening, deviation or alteration, such compensation as may be mutually agreed upon or, failing such agreement, as may be determined by arbitration in terms of section 97: Provided that to the extent that any such land previously existed or was used as a road or outspan, the foregoing provisions of this subsection shall not apply.

(2) The compensation payable in terms of subsection (1) shall not exceed the amount which such land, including any improvements thereon, would have realized if sold on the date of promulgation of such notice in the open market by a willing seller to a willing buyer (hereinafter referred to as the market value).

(3) Where a public road or an access road has been permanently deviated or the situation of an outspan altered within the boundaries of the land on which any such road or outspan previously existed, compensation shall only be paid in so far as the market value of the land encroached upon by any such de-

'n uitspanning, *mutatis mutandis* van toepassing.".

Wysiging van artikel 87 van Ordonnansie 22 van 1957, soos gewysig by artikel 19 van Ordonnansie 10 van 1966.

8. Artikel 87 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde "of uitspanplek" en "en uitspanplekke" te skrap.

Vervanging van artikel 89 van Ordonnansie 22 van 1957.

9. Artikel 89 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Bestaande paaie en omheinings.

89. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie vervat, word alle paaie en omheinings wat, ooreenkomstig die wette voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie van krag, aangelê of opgerig is, geag ingevolge hierdie Ordonnansie wettig aangelê of opgerig te wees.".

Vervanging van artikel 92 van Ordonnansie 22 van 1957, terwyl dit voorheen vervang was deur artikel 3 van Ordonnansie 2 van 1970 en artikel 8 van Ordonnansie 9 van 1975 en gewysig by artikel 19 van Ordonnansie 20 van 1976.

10. Artikel 92 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vergoeding betaalbaar deur Administrateur vir grond wat deur die instelling, verbreding of verlegging van 'n openbare pad of toegangspad of deur die Administrateur of 'n plaaslike bestuur vir grond wat deur die instelling van, of verandering van die grootte of ligging van 'n uitspanning, in beslag geneem word.".

92.(1) Behoudens die bepalings van subartikel (5), waar die Administrateur ingevolge die bepalings van artikel 3, 5, 48, 55 of enige ander bepaling van hierdie Ordonnansie, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n openbare pad of toegangspad instel, verbreed of permanent verlê of 'n uitspanning instel of die grootte of die ligging daarvan verander, betaal hy, behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (4), aan die eienaar, ten opsigte van die grond wat deur enige sodanige instelling, verbreding, verlegging of verandering in beslag geneem word, sodanige vergoeding as waartoe onderling ooreengekom word of, by ontstentenis van sodanige ooreenkoms, as wat deur arbitrasie ingevolge artikel 97 bepaal word: Met dien verstande dat tot die mate wat sodanige grond voorheen as 'n pad of uitspanning bestaan het of gebruik was, die voorafgaande bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie.

(2) Die vergoeding betaalbaar ingevolge subartikel (1) mag nie meer beloop nie as die bedrag wat vir sodanige grond, insluitende enige verbeterings daarop, verkry sou geword het indien dit op die datum van afkondiging van sodanige kennisgewing op die ope mark deur 'n gewillige verkoper aan 'n gewillige koper verkoop was (hierna die markwaarde genoem).

(3) Waar 'n openbare pad of 'n toegangspad permanent verlê is of die ligging van 'n uitspanning verander is binne die grense van die grond waarop enige sodanige pad of uitspanning voorheen bestaan het, word vergoeding slegs betaal in sover die markwaarde van die grond wat deur enige sodanige verlegging of verandering in beslag geneem

viation or alteration exceeds the market value of the land previously encroached upon by such road or outspan.

(4) If any land in respect of which compensation is payable in terms of subsection (1), is, on the day immediately preceding the day of promulgation of any notice in terms of that subsection, encumbered with a mortgage bond or subject to a hire-purchase or suspense sale agreement and the owner of such land and the mortgagee or such owner and the purchaser, as the case may be, have agreed —

(a) that the mortgagee or the purchaser, as the case may be, shall be entitled to the whole amount of such compensation; or

(b) that the owner of such land and the mortgagee or such owner and the purchaser, as the case may be, shall each be entitled to a specific portion of such compensation,

the Administrator shall pay compensation in accordance with such agreement, if proof of such agreement is furnished to the satisfaction of the Administrator and if such compensation has not already been paid to the owner before such proof has been furnished.

(5) The foregoing provisions of this section shall apply *mutatis mutandis* to a local authority in respect of an outspan situated within the area of jurisdiction of such local authority.".

Insertion of section 93 in Ordinance 22 of 1957, the previous section 93 having been repealed by section 4 of Ordinance 2 of 1970 and previously amended by section 20 of Ordinance 10 of 1966.

11. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance, after section 92:

"Power of Administrator to demolish or remove any building or other structure for road purposes.

93.(1) Whenever the Administrator considers it necessary for the establishment, construction or maintenance of a public road or an access road or for the safety of traffic on any such road, he may demolish or remove any building or other structure or any portion thereof, whether or not the whole building or structure or any portion thereof is situated outside the road reserve of such road and for that purpose he may direct any person to vacate such building or structure or any portion thereof within such time as the Administrator may determine.

(2) Whenever the Administrator has in terms of subsection (1) directed any person to vacate a building or structure or portion thereof, the Administrator shall pay upon such vacation, in respect of such building or structure or portion thereof, as the case may be, to the owner thereof such compensation as may word, die markwaarde van die grond wat voorheen deur sodanige pad of uitspanning in beslag geneem is, oorskry.

(4) Indien enige grond ten opsigte waarvan vergoeding ingevolge subartikel (1) betaalbaar is, op die dag onmiddellik voor die dag van afkondiging van enige kennisgewing ingevolge daardie subartikel, met 'n verband beswaar of aan 'n huurkoop- of opskortverkoopooreenkoms onderworpe is en die eienaar van sodanige grond en die verbandhouer of sodanige eienaar en die koper, na gelang van die geval, ooreengekom het —

(a) dat die verbandhouer of die koper, na gelang van die geval, op die hele bedrag van sodanige vergoeding geregtig is; of

(b) dat die eienaar van sodanige grond en die verbandhouer of sodanige eienaar en die koper, na gelang van die geval, elk op 'n bepaalde gedeelte van sodanige vergoeding geregtig is,

betaal die Administrateur vergoeding ooreenkomstig sodanige ooreenkoms indien bewys van sodanige ooreenkoms tot voldoening van die Administrateur gelewer word en indien sodanige vergoeding nie reeds voordat sodanige bewys gelewer is aan die eienaar betaal is nie.

(5) Die voorafgaande bepalings van hierdie artikel is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n plaaslike bestuur ten opsigte van 'n uitspanning binne die regsgebied van sodanige plaaslike bestuur geleë.".

Invoeging van artikel 93 in Ordonnansie 22 van 1957, terwyl die vorige artikel 93 by artikel 4 van Ordonnansie 2 van 1970 herroep is en gewysig was by artikel 20 van Ordonnansie 10 van 1966.

11. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 92 ingevoeg:

"Bevoegdheid van Administrateur om enige gebou of ander struktuur vir paddoeleindes te sloop of te verwyder.

93.(1) Wanneer die Administrateur vir die instelling, aanlê of instandhouding van 'n openbare pad of 'n toegangspad of vir die veiligheid van verkeer op enige sodanige pad dit nodig ag, kan hy enige gebou of ander struktuur of enige gedeelte daarvan, ongeag of die hele gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan buite die padreserwe van sodanige pad geleë is al dan nie, sloop of verwyder en vir daardie doel kan hy enigiemand gelas om sodanige gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan binne sodanige tydperk as wat die Administrateur bepaal, te ontruim.

(2) Wanneer die Administrateur ingevolge subartikel (1) iemand gelas het om 'n gebou of struktuur of gedeelte daarvan te ontruim, betaal die Administrateur by sodanige ontruiming ten opsigte van sodanige gebou of struktuur of gedeelte daarvan, na gelang van die geval, aan die eienaar daarvan sodanige vergoeding as waartoe onderling oor

be mutually agreed upon or, failing such agreement, as may be determined by arbitration in terms of section 97.

(3) Any person who —

(a) refuses or fails to comply with any direction given in terms of subsection (1); or

(b) wilfully hinders or obstructs any person in the exercise of any powers in terms of subsection (1),

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both such fine and imprisonment.".

Substitution of long title of Ordinance 22 of 1957, as amended by section 9 of Ordinance 9 of 1975.

12. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Ordinance in the Afrikaans text:

"Tot samevatting en wysiging van die wette wat betrekking het op openbare paaie en uitspannings; om voorsiening te maak vir ander paaie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband daarmee.".

Short title.

13. This Ordinance shall be called the Roads Amendment Ordinance, 1977.

No. 227 (Administrator's), 1977.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 90 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to promulgate an Ordinance, assented to by the State President-in-Council;

Now, therefore, I do hereby promulgate the Civil Defence Ordinance, 1977, which is printed hereunder.

Given under my Hand at Pretoria, on this 18th day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
P.R. 4-11 (1977/20)

Ordinance No. 20 of 1977.
(Assented to on 4 October, 1977).
(Afrikaans copy signed by the State President).

AN ORDINANCE

To provide for civil defence as contemplated in section 3(1) of the Civil Defence Act, 1977; to confer powers relating to a disaster; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Definitions.

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

(i) "Administration" means the Transvaal Provincial Administration; (i)

eengekom word of, by ontstentenis van ooreenkoms, wat deur arbitrasie ingevolge artikel 97 vasgestel word.

(3) Iemand wat —

(a) weier of versuim om aan enige lasgewing ingevolge subartikel (1) gegee, te voldoen; of

(b) enige persoon opsetlik hinder of belemmer in die uitoefening van enige bevoegdheid ingevolge subartikel (1),

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of beide sodanige boete en gevangenisstraf.".

Vervanging van lang titel van Ordonnansie 22 van 1957, soos gewysig by artikel 9 van Ordonnansie 9 van 1975.

12. Die lang titel van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende lang titel vervang:

"Tot samevatting en wysiging van die wette wat betrekking het op openbare paaie en uitspannings; om voorsiening te maak vir ander paaie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband daarmee.".

Kort titel.

13. Hierdie Ordonnansie heet die Padwysigingsordonnansie, 1977.

No. 227 (Administrateurs-), 1977.

PROKLAMASIE

Nademaal by artikel 90 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my die bevoegdheid verleen word om 'n ordonnansie, waarin die Staatspresident-in-rade toegestem het, af te kondig;

So is dit dat ek hierby die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1977 wat hieronder gedruk is, afkondig.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 18de dag van Oktober, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.R. 4-11 (1977/20)

Ordonnansie No. 20 van 1977.
(Toestemming verleen op 4 Oktober 1977).
(Afrikaanse eksemplaar deur die Staatspresident onderteken).

'N ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir burgerlike beskerming soos in artikel 3(1) van die Wet op Burgerlike Beskerming, 1977, beoog; om bevoegdhede betreffende 'n ramp te verleen; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "Administrasie" die Transvaalse Provinsiale Administrasie; (i)

(ii) "Administrator" means the officer appointed in terms of the provisions of section 66 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), acting on the advice and with the consent of the Executive Committee of the Province; (ii)

(iii) "disaster" means a disaster which is not a state of emergency or a state of disaster and which, in the opinion of the Administrator or of the local authority concerned, is a disaster as defined in section 1 of the Act; (vii)

(iv) "local authority" means a city council, town council, village council or health committee constituted in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), and includes the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas established in terms of the provisions of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), and an association contemplated in section 2(1); (vi)

(v) "prescribed" means prescribed by regulation; (x)

(vi) "regulation" means a regulation made in terms of this Ordinance; (ix)

(vii) "state of disaster" means a state of disaster as defined in section 1 of the Act; (viii)

(viii) "state of emergency" means a state of emergency as defined in section 1 of the Act; (v)

(ix) "the Act" means the Civil Defence Act, 1977 (Act 67 of 1977); (iii)

(x) "this Ordinance" includes any regulation. (iv)

Power of Administrator to declare an association a local authority for the purposes of this Ordinance.

2.(1) Where —

(a) any number of persons resident outside the area of jurisdiction of an institution or body contemplated in section 84(1)(f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, has established an association for the purposes of any matter contemplated in section 3(1) of the Act; and

(b) the Administrator is of the opinion that such association is capable of carrying out the purposes for which it has been established,

the Administrator may, by notice in the *Provincial Gazette* declare that, for the purposes of this Ordinance, it shall be deemed that —

(i) such association shall be a local authority for the area of jurisdiction as defined in that notice; and

(ii) the office-bearers of such association shall be persons in the service of that local authority.

(ii) "Administrateur" die amptenaar aangestel ingevolge die bepalings van artikel 66 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), handelende op die advies en met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie; (ii)

(iii) "die Wet" die Wet op Burgerlike Beskerming, 1977 (Wet 67 van 1977); (ix)

(iv) "hierdie Ordonnansie" ook enige regulasie; (x)

(v) "noodtoestand" 'n noodtoestand soos in artikel 1 van die Wet omskryf; (viii)

(vi) "plaaslike bestuur" 'n grootstadsraad, stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), ingestel en omvat die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), ingestel en 'n vereniging in artikel 2(1) beoog; (iv)

(vii) "ramp" 'n ramp wat nie 'n noodtoestand of 'n ramptoestand is nie en wat, na die mening van die Administrateur of van die betrokke plaaslike bestuur, 'n ramp is soos in artikel 1 van die Wet omskryf; (iii)

(viii) "ramptoestand" 'n ramptoestand soos in artikel 1 van die Wet omskryf; (vii)

(ix) "regulasie" 'n regulasie ingevolge hierdie Ordonnansie uitgevaardig; (vi)

(x) "voorgeskryf" of "voorgeskrewe" by regulasie voorgeskryf. (v)

Bevoegdheid van Administrateur om 'n vereniging 'n plaaslike bestuur vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie te verklaar.

2.(1) Waar —

(a) enige aantal persone woonagtig buite die regsgebied van 'n instelling of liggaam in artikel 84(1)(f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, beoog, 'n vereniging gestig het vir die doeleindes van enige aangeleentheid in artikel 3(1) van die Wet beoog; en

(b) die Administrateur van mening is dat sodanige vereniging in staat is om die doeleindes waarvoor dit gestig is, uit te voer,

kan die Administrateur, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, verklaar dat vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie geag word dat—

(i) sodanige vereniging 'n plaaslike bestuur vir die regsgebied soos in daardie kennisgewing omskryf, is; en

(ii) die ampsdraers van sodanige vereniging, persone in die diens van daardie plaaslike bestuur is.

(2) The Administrator may, at any time by notice in the *Provincial Gazette*, revoke the declaration contemplated in subsection (1) if the association concerned —

(a) so requests;

(b) is dissolved; or

(c) in the opinion of the Administrator, is no longer carrying out or capable of carrying out the purposes for which it has been established.

(3) The Administrator may, in respect of any area outside the area of jurisdiction of a local authority, take such steps as he deems expedient to achieve the purposes of this Ordinance.

Steps which may be taken to achieve the purposes of this Ordinance.

3. (1) For the purposes of any matter contemplated in section 3(1) of the Act, a local authority shall take such steps as the Administrator may, either generally or specifically, direct in regard to —

(a) fire-fighting;

(b) traffic control;

(c) rescue and evacuation work;

(d) shelter against air-raids and radio-active fall-out;

(e) co-ordinated planning for the medical treatment and care of injured and sick persons;

(f) the provision of emergency housing, food and clothing;

(g) the continuation of public health services;

(h) the maintenance of essential services and the protection of essential industries, trades, places and areas;

(i) transport, communications and warnings;

(j) the continuation of existing local administration; and

(k) any other matter which the Administrator may, by notice in the *Provincial Gazette*, determine.

(2) In giving effect to a direction contemplated in subsection (1), a local authority may direct any person to furnish it with such information as it may require regarding —

(a) employees; or

(b) buildings, premises, equipment, turnover, vehicles, aircraft, vessels, food, animals, fodder, fuel, oil, material or any other articles or things,

under the control or in the possession of that person or of which that person has knowledge.

(3) If the Administrator deems it necessary for achieving any of the purposes referred to in subsection (1), he may —

(a) direct the owner or management of any industry or trade which, in his opinion, is

(2) Die Administrateur kan te eniger tyd, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die verklaring in subartikel (1) beoog, intrek indien die betrokke vereniging —

(a) aldus versoek;

(b) ontbind is; of

(c) na die mening van die Administrateur, nie meer die doeleindes waarvoor dit gestig is, uitvoer of in staat is om dit uit te voer nie.

(3) Ten opsigte van enige gebied buite die regsgebied van 'n plaaslike bestuur, kan die Administrateur die stappe doen wat hy ter bereiking van die doeleindes van hierdie Ordonnansie dienstig ag.

Stappe wat gedoen kan word ter bereiking van die doeleindes van hierdie Ordonnansie.

3. (1) Vir die doeleindes van enige aangeleentheid in artikel 3(1) van die Wet beoog, doen 'n plaaslike bestuur die stappe wat die Administrateur, hetsy in die algemeen of in die besonder, gelas met betrekking tot —

(a) brandbestryding;

(b) verkeersbeheer;

(c) reddings- en ontruimingswerk;

(d) skuiling teen lugaanvalle en radioaktiewe neerslag;

(e) gekoördineerde beplanning vir die mediese behandeling en versorging van beseerde en siek persone;

(f) die verskaffing van noodhuisvesting, voedsel en kleding;

(g) die voortsetting van openbare gesondheidsdienste;

